DEEL 115 | WEEK 43 | 27 OKTOBER 2023 | R5

# HEILBRON HERALD



# Hier kom die bokke - Bly Kalm!

*Die hele land sal seker Saterdagaand vasgenael wees voor televisieskerms om te sien wie die Rugby Wêreldbeker 2023 kampioen gaan wees. Verlede Donderdag was die finaal van die 2023 Heilbron Rolbal Besigheidsliga. Johnny Claassen Bemarking (JCB) se span het sterk geëindig teen Van Rooyen Boerdery om met die louere weg te stap. Die Springbokke het kalm gebly teen die Franse Hane verlede Sondag en dit was ook hulle sukses resep volgens die JCB span. Persone op foto: Tsauts Haitingh, Eben Claassen, Willie Matthee en Köki Claassen. Sien volledige uitslae op bladsy 9.*

SHORT TERM TRUST
BROKERS – MAKELAARS
SEDERT 2011



OESVERSEKERING
2023-2024

- **Kompeterende kwotasies** by verskeie versekeraars
- **Gratis** opstel van landkaarte
- **Verskillende betalingsopsies** beskikbaar
Betaal eers wanneer oes gelewer is
- Sit geld terug in jou sak met die **UITBETALINGS-BONUS** op goedgekeurde kliënte
- **Sorgvrye** bestuur van risiko

FSP 43364

Kontak: Dewald Buys | 082 301 4020 | dewald@stbrokers.co.za
Kantoor: 016 931 2686 | 35 Kerkstraat, Heilbron

HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Skokbewerings: Spookwerkers in Ngwathe?

"Skokkende bewerings oor moontlike 'spookwerkers' in Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit is verlede week gemaak," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Dit verwys na werkers op die munisipale betaalstate wat of glad nie vir diens rapporteer nie of wel aanmeld, maar dan na twee of drie ure verdwyn.

Die bewerings was gemaak tydens die Finansiële Komitee se ondersoek na diefstal van munisipale eiendom vanaf persele (en skade aan geboue) by tye wanneer sekuriteitsbeamptes juis sulke voorvalle moet voorkom.

Raadslid van der Merwe sê dat die munisipaliteit nie tans beskik oor 'n doeltreffende stelsel sodat amptenare by hul aankoms by die werkplek inklok en ook kan uitteken by vertrek nie. Die komitee het 'n ondersoek gelas oor hoe om so 'n stelsel te implementeer. Ondersoek moet voorts gedoen word na moontlike sekuriteitskameras by magasyne en pakkamers om verdagte bedrywighede te kan identifiseer, en ook om te kan monitor of sekuriteitspersoneel voltyds tydens hul skofte op die perseel aanwesig bly.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel het gekla dat spookwerkers ten volle betaal word "sonder om 'n steek werk te doen." DA-vrae in Mangaung metro munisipaliteit, gesteun deur die VF+, het daartoe gelei dat 119 spookwerkers ontmasker is. In MAP, die munisipaliteit met Harrismith as hoofdorp, het DA-ondersoeke, weereens met die steun van die VF+ asook sekere ANC-raadslede, gehelp om 26 spookwerkers aan die kaak te stel. Hy het gesê hy is ingelig daar is ook spookwerkers in Ngwathe.

By die vergadering is onder andere beweer dat 'n personeellid in Koppies soggens vir diens aanmeld by die munisipale kantoor en dan dadelik verkas na haar spaza wat sy tuis bedryf en dat vermoed word dat sekere munisipale amptenare in Vredefort tydens kantoorure in 'n kroeg drink, "want bedags is hulle kantore leeg". Die werkers kruip na bewering weg wanneer 'n raadslid die bewerings probeer ondersoek en sy voertuig gewaar word.

Toe raadslede van alle partye aandring op 'n volledige ondersoek oor die kwessie het 'n senior amptenaar die aanwesiges ingelig dat so 'n ondersoek reeds aan die gang is. 'n Verslag sal binne 'n maand voor 'n volgende vergadering dien is beloof, maar raadslid Schoonwinkel het vinniger resultate gevra "sommer vandag of môre al". Die komitee is toe beloof om teen 25 Oktober 2023 van 'n verslag voorsien te word.

# Huppel Trippel doen bybelvasvra



Omtrent 40 lede het heerlik onder die koeltebome gekuier. Elza Kriel het 4 spanne gevorm - elkeen met sy eie kreet om hom te identifiseer. Al het die spanne onderling gekompeteer, het hulle gelyk geëindig. Alles is in 'n ontspanne gees gedoen; en die oggend is afgesluit met 'n koeldrank en eetdingetjie. Elke senior in die gemeenskap word genooi om op 'n Woensdag saam te kom kettie skiet (ketties en albasters is beskikbaar) en op 'n Donderdag word jy genooi vir 'n potjie jukskei. Daar is ook jukskeie waarmee jy kan speel. Dis om 10 uur soggens. Jy's baie welkom.




POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*


## UIT DIE PEN: Week 43 van 2023



Kleintyd het ons nie baie met vakansie gegaan nie. Ek kan onthou dat ek drie keer die see gesien het: Victoriabaai, toe niemand nog daarvan geweet het nie, Strand (vir een aand) en Margate, vir 'n week. Gelukkig nie gekampeer nie.

Verder het ons 'n groen Jurgenskaravaan gehad. Pa, ma, ek en rooikopsussie binne-in die karavaan, en my een boeta (die ander ene was reeds getroud) in die tent.

Ons was by Aliwal-Noord toe die warmwaterbron nog skougehalte was. Ook by Rob Ferreiraoord, lank, lank gelede. Ek kan onthou dat ons ook in Golden Gate was.

Ek kan nie baie van die vakansies onthou nie, wel dat ons op pad Rob Ferreira toe 'n pap wiel gekry het en die hele inhoud van die bagasiebak moes uitpak om by die noodwiel uit te kom.

In die badkamers by Golden Gate se kampterrein tel ek destyds 'n 50c munt op. Onthou julle die groot, silwer munt? Dit was asof ek binne sekondes stinkryk geword het. Ek kan onthou dat ek deur die badkamer se venster na die Brandwagrots gekyk het net voordat ek die munstuk opgetel het.

Ek het dadelik na my ma toe gehol, geldjie veilig in my hand.

"Ma, ma, kyk wat het ek opgetel!"

My ma het my maak teruggaan na die badkamers om te kyk of daar iemand was wat na die verlore geld gesoek het. Daar was niemand, en ek kon my geldjie hou.

Ek was glad nie baie beïndruk met my ma se instruksie nie: hoekom moet ek nou weer my geld afgee wat ek opgetel het? Optelgoed is vatgoed, het ons altyd gesê.

Maar daar was 'n les vir my oor eerlikheid, veral wat betref optelgoed.

Onlangs het my goeie man by die gimnasium aangesluit. Hy gaan met etenstyd soontoe om 'n paar lengtes te swem. Maandag laat weet hy my op WhatsApp: Sy selfoon, personeelkaart en sy pet is weg. Skoonveld. Hulle het sy foon probeer bel, maar dit lui nêrens.

Ja, dink ek dadelik. Dis seker nou maar deel van Suid-Afrika. Steel. Vat van ander wat jy nie het nie, of wat jy nie kan bekostig nie of wat jy moontlik kan verkoop. Eintlik moes ons dankbaar wees dat hierdie goed nie met 'n aanval of selfs 'n moord gepaard gegaan het nie.

Hy is terug werk toe om aansoek te doen vir 'n nuwe personeelkaart.

"Maar meneer, waar is jou huidige personeelkaart?"

"Weg, dis hoekom ek hier is om 'n nuwe kaart te kry."

"Jy moet eers die ou een terugbring."

Nou ja toe. Wat ookal.

Ek bel Cell C om die foon te kanselleer. Your call is important to us. Nadat ek twee spyskaarte moes deurluister, kry ek 'n persoon wat nie uit blik bestaan nie. Sy lees haar werkgewer se standaard boodskap af, maar g'n mens kan kop of dingeses uitmaak van wat presies sy sê nie. Ek vang darem so hier en daar 'n woord. Nou gaan sy my na 'n ander afdeling deurskakel, dan kan ek vir hulle dieselfde storie vertel. En as my oproep afgesny word, kan ek daardie nommer sommer self bel. Your call is important to us.

Ek slaag al die eerste toetse: naam, van, ID, telefoonnommer van gesteelde foon, geheime bank vrae.

Goed, sê die antie aan die ander kant van die lyn. Nou wil sy met die persoon praat wie se foon gesteel is.

Nou wragtag. Dink sy vir een oomblik ek gaan bel en al die praatwerk doen as die persoon wie se foon gesteel is dit self kon doen? En so terloops: as ek al die toetse deurgekom het, hoekom nie die foon kanselleer nie? Wonder ek, maar die antie bly by haar standaard boodskap.

O, dis nog 'n ding, sê die antie. Wil jy die kontrak kanselleer of net die SIM kaart. Sy neem nog 'n paar minute om die hele prosedure af te lees.

"Wat dink jy moet ek doen?"

Net nie dit nie, hoor ek haar amper hardop sê. Sy begin by 'n nuwe bladsy op die standaard boodskap. And your call is important to us. Maar ek kan dit nie doen nie, die eienaar van die foon moet dit doen. Totsiens, sê ek.

'n Paar minute later doen ek dieselfde oefening, met dieselfde resultate. Het ek nou regtig iets anders verwag? Ek is sommer vies, en gaan huis toe.

By die huis gekom, tree ek my goeie man aan, en gaan weereens deur dieselfde oefening. Suksesvol. SIM gekanselleer.

Dinsdag, laterig die oggend, bel die gimnasium: iemand het 'n foon en 'n personeelkaart by hulle ingehandig en ek word aangegee as die naasbestaande van die persoon wie se naam op die kaart verskyn. Wonderlik, dink ek. Daar is nog eerlike mense.

Dalk het hulle by my ma geleer om eers seker te maak voordat ek besluit dat optelgoed vatgoed is.

Ek ruil 'n groot sjokolade vir die selfoon en die personeelkaart. Die dame glimlag vriendelik: "Dit is deel van ons werk."


Daar is nog eerlike mense in die wêreld. Iemand wat 'n verslete selfoon en personeelkaart gaan ingee, vir ingeval die eienaar daarna soek.

Ek dink vandag se grootste les is: is jy die eerlike persoon? Sal jy, wanneer jy geld optel, eers rondkyk vir ingeval daar iemand is wie dit moontlik kon verloor? Of die eienaar van 'n selfoon soek?

Ons het meer sulke mense nodig.

Sal jy vandag eerlik wees?

# INSPIRASIE RESEPTE -



Pasch du Plooy

In all cultures meat is served uncooked in different ways. For me this is the best combination of Asian flavours with a traditional beef fillet carpaccio. It's really spicy and fresh and great for these summer days.

**MARINATED RAW BEEF SALAD WITH RICE NOODLES AND MINT**

Preparation time – 30 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the beef salad**

500g beef fillet, frozen for 2 hours
100g cooked rice vermicelli
50g roasted peanuts, chopped

**Method for the beef salad**

Remove the beef from the freezer, it should be semi frozen. Using a sharp knife, cut the fillet into very thin slices. The thinner the better. Place back in fridge until needed.

**Ingredient for the salad**

1 cucumber, peeled and thinly sliced
1 cup rosa tomatoes, cut in halve
1 shallot, finely sliced
60 g bean spouts
12 x mange tout, sliced
12 x baby corn, sliced
1 handful of fresh mint, picked and roughly chopped
1 handful of basil, picked and roughly chopped
1 handful of fresh coriander, picked and roughly chopped

**Method for the salad:**

Toss all the ingredients together in mixing bowl and refrigerate till needed.

**Ingredients for the dressing**

25ml fish sauce
50ml rice vinegar
50g castor sugar
5 cm piece lemongrass (white only), chopped
1 x green chilli, seeded and chopped
2 cm piece ginger grated
½ clove garlic, grated
½ tsp ground black pepper

**Method for the dressing**

Combine all the ingredients in food processor and blend till combined.

**How to serve**

Place the rice vermicelli at the bottom of your serving dish. Arrange the salad mix over the rice vermicelli. Now scatter your sliced beef over the top. Dress generously with your dressing. Toss salad lightly before serving. Sprinkle with the chopped peanuts.
Serve room temperature.

**Chefs' notes**

Replace the fish sauce with extra salt if you don't like the flavour, but 1st give it a go!




# Matrieks van 2003 vier hul 20ste herdenking by Hoërskool Heilbron

Saterdag was 'n spesiale dag vir die matrieks van 2003 van Hoërskool Heilbron. Dit was hulle 20ste herdenking, en dit het 'n heerlike geleentheid gebied vir oudleerlinge om saam te kom en herinneringe te deel. In die skoolsaal het almal mekaar vriendelik en opgewonde gegroet. Juffrou Monica (departementshoof) en Louise Snyman (Beheerliggaam), het 'n nostalgiese toer van die skool gelei. Dit het die oudskoliere teruggeneem na hul skooldae en baie herinneringe is opgeroep. Die mure van die skool het geluister na die lag en gesels van die voormalige leerlinge. Elke skolier het 'n seël ontvang wat hul kinderjare en soms ondeundheid herroep het.
Dit was 'n pretvolle ervaring en baie "onthou jy nog?" oomblikke. Na die toer het die oud-hoofseun en -hoofmeisie van 2003 'n boom geplant in die skool se gronde. Hierdie simboliese handeling het hulle wortels vir altyd aan die skool verbind, as 'n herinnering aan hul onvergeetlike skooldae en 'n teken van groei en voortbestaan.
Die opwinding het voortgeduur na 'n onvergeetlike dag met 'n feesmaal wat by Dansveertjie gehou is. 'n Heerlike spit is voorgesit, en ou vriende het saam gekuier en gesels. Hierdie herdenking was 'n bewys van die blywende bande tussen oudskoliere en hul skool. Dit het hulle weer herinner aan die waarde van gemeenskap en vriendskap wat in hul skooldae gevorm is. Met die geplante boom as 'n simbool van voortbestaan, sal die matrieks van 2003 vir altyd 'n deel van die skoolgemeenskap bly, en hulle sal nog vele suksesvolle herdenkings deur die jare heen beleef.




*Op foto Links Agter: Ellen-Louise Dreyer, Rizette Bester, Juffrou Elmarie Cronjé, Annari Combrink, Juffrou Hendra Schoeman, Pieter Boshoff, Juffrou Elize Viljoen (Saaiman), Reinier Muller.*
*Voor van Links: Quintin Morris, Rossouw Muller (hoofseun), Bertus Cloete, Juffrou Sarie Strydom en Jessica du Toit (hoofmeisie).*


BONUS HARDWARE
Vakante Betrekking
Bonus Hardeware het 'n pos beskikbaar.
Die geskikte kandidaat moet eerlik, hardwerkend, rekenaarvaardig en goed met mense kan werk.
Gee aansoeke af by Monette te 31 Breëstraat, Heilbron of stuur epos na: bonushardware@skysat.co.za
Sluitingsdatum: 30 Oktober 2023

Saleh's motor spares hardware & electrical
HEILBRON | FRANKFORT | REITZ
ATTENTION
We are seeking a motivated and customer-oriented Salesperson to join our team at Saleh's Motor Spares Heilbron. As a Salesperson, you will play a key role in serving our valued customers, identifying their automotive needs, and providing them with the right motor spares solutions.
Job Title: Motor Spares Salesperson
Location: Heilbron, Free State, South Africa
Employment Type: Full Time
Key Responsibilities:
Qualifications:
Send your CV and a brief cover letter to
November 2023

DE VRY DISTILLERY
UPCOMING SPECIAL EVENTS
Limited seating, bookings essential!
Free State Harvest Table Lunch: 29 OCTOBER
Year-end function special - Bookings now open!
Email tastingroom@devrydistillery.co.za or send a WhatsApp to 072 606 3960
DEVRYDISTILLERY.CO.ZA

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Evergreen Christian Academy open sy deure

Evergreen Christian Academy is 'n trotse privaatskool in die Engelse medium, met 'n sterk visie vir die toekoms. Die skool, gestig deur die inspirerende Uaiden Schoeman, is toegewyd aan die opvoeding en ontwikkeling van jong leerders van 18 maande tot Graad R. Met 'n fokus op kwaliteit-onderrig en buitemuurse aktiwiteite, het die skool 'n belangrike plek in die gemeenskap verower. Die skool het sy deure in Januarie van verlede jaar geopen, en dit het sedertdien sy werking voortgesit met 'n indrukwekkende aanbod van klasse, insluitend:

- 18 Maande - 3 Jaar
- 3 - 4 Jaar
- 4 - 5 Jaar
- Graad R
- Na-sorg (in beide Afrikaans en Engels)

Evergreen Christian Academy is meer as net 'n skool - dit is 'n plek waar leerders 'n holistiese opvoeding ontvang. Die skool het 'n duidelike missie om leerders te bemagtig om nie net op akademiese gebied te presteer nie, maar ook om uit te blink op die sportvelde en in kultuuraktiwiteite. Die skool hoop om in die toekoms 'n reeks sportsoorte aan te bied, insluitend rugby, krieket, netbal, hokkie, sokker, tennis, en meer asook kultuuraktiwiteite soos sang, dans, en debat is ook 'n integrale deel van die skool se aanbod. Een van die mees opmerklike dinge omtrent Evergreen Christian Academy is hul gemeenskap gerigte benadering. Uaiden Schoeman het besef dat hulle dalk fasiliteite in die toekoms sal benodig. Hierdie het hulle gekry na die intree van ȟ kontrak met Boitumelong Primary School met 'n huurooreenkoms, wat op 6 November 2023 inwerking sal tree. Die huurkontrak behels dat Evergreen Christian Academy ȟ blok klaskamers by Boitumelong Primary sal huur. Die ooreenkoms sluit ook die opknapping van die skoolterrein, sportvelde, lapa, kleedkamers, en meer in. Schoeman het 'n visie om sport na gemeenskappe soos Sandersville en Phiritona terug te bring deur 'n plaaslike sportliga te vestig onder die vaandel van die Evergreen skool. Dit is 'n manier om kinders besig te hou, weg van negatiewe sosiale invloede soos dwelms en bendes. Een van die grootste uitdagings wat Evergreen Christian Academy tans in die gesig staar, is die verwaarloosde toestand van Boitumelong Primary. Daarom doen Uaiden 'n beroep op die gemeenskap en ondersteuners om hulle te help met herstelwerk aan die sportvelde, kleedkamers, lapa, terrein, en nog veel meer. Vir moontlike donasies:

Grasmasjiene en tuinuitrusting
- Verf en ander benodigdhede vir opknapping
- Staal vir palissades wat gesteel is
- Kunsmis om die velde te herstel
- Advies oor die herstel van die velde
- Draad vir netbalbane
- Ou kinderboeke en speelgoed

Uaiden is dankbaar vir enige bydrae om hierdie gemeenskapsprojek 'n sukses te maak. Jou hulp kan 'n verskil maak in die lewens van jong leerders en in die gemeenskap as 'n geheel. Indien jy bereid is om 'n donasie te maak of om by te dra tot hierdie inisiatief, kan jy in verbinding tree met Evergreen Christian Academy om jou ondersteuning aan te bied. Hierdie skool is 'n ware baken van hoop vir die toekoms, en saam met jou hulp kan hulle 'n positiewe impak maak.

Kontak Uiaden op 081 822 2432.






### TOP PRESTEERDERS IN SURYN CLAASEN SE EKSTRA KLASSE VIR KWARTAAL 3


*Suryn Claassen, 'n wiskunde en fisiese wetenskap tutor, is trots op haar slimkoppe wat uitgeblink het gedurende die moeilike eksamen tydens die derde kwartaal. Die volgende leerders het uitstekende resultate behaal en onderskeidings verwerf in wiskunde:*

#### WISKUNDE PRESTEERDERS:

Mia Muller, 'n Graad 9 leerling, het 'n indrukwekkende gemiddeld van 94% behaal.
Chené Pretorius, 'n Graad 9 leerling, het 'n voortreflike gemiddeld van 99% behaal.
Elsabé Claasen, 'n Graad 10 leerling, het 'n uitmuntende gemiddeld van 98% behaal.
Skyla Budisack, 'n Graad 11 leerder, het 'n verdienstelike gemiddeld van 90% behaal.
Jean-Pierre Prinsloo, 'n Graad 12 leerder, het 'n gemiddeld van 82% behaal.

**Daar is ook 'n spesiale vermelding vir vyf leerders wat hul wiskundepunte merkbaar verbeter het:**

MJ Prinsloo, 'n Graad 8 leerder, het 'n verbetering van 23% in wiskunde aangeteken.
Trizten Pitzer, 'n Graad 9 leerder, het 'n verbetering van 17% in wiskunde behaal.
Jennie Muller, 'n Graad 10 leerder, het 'n verbetering van 36% in wiskunde aangeteken.
Anneke Viljoen, 'n Graad 11 leerder, het 'n verbetering van 30% in wiskunde behaal.
Robert Taylor, 'n Graad 12 leerder, het sy wiskunde punt met 22% verbeter.
Suryn is verheug oor die toewyding en vordering van hierdie leerders in wiskunde.


*Rohan de Beer*


#### FISIESE WETENSKAP PRESTEERDERS:

In die veld van fisiese wetenskap het Suryn Claasen ook 'n paar sterre wat uitgeblink het:


Johanri Pretorius, 'n Graad 10 leerder, het 'n indrukwekkende 93% in fisiese wetenskap behaal. Skyla Budisack, 'n Graad 11 leerder, het ook 'n besondere prestasie van 93% in fisiese wetenskap aangeteken. Leboeuf du Plessis, 'n Graad 12 leerder, het 'n soliede 71% in fisiese wetenskap behaal.
Verder is daar drie leerders wat hul punte in fisiese wetenskap aansienlik verbeter het:
Rohan de Beer het sy fisiese wetenskappunt met 9% verhoog. Anieke Fritz, 'n Graad 11 leerder, het 'n verbetering van 16% in fisiese wetenskap aangeteken. Robert Taylor, 'n Graad 12 leerder, het 'n indrukwekkende verbetering van 15% in fisiese wetenskap behaal.
As enige persone belangstel in die inskrywing vir ekstraklasse vir 2024, kan julle Suryn Claasen kontak by 083 2349882 om jul plek te verseker. Dit is 'n geleentheid om onder leiding van 'n bekwame tutor jou akademiese vaardighede na nuwe hoogtes te neem.


*Trizten Pitzer*


*MJ Prinsloo*


*Mia Muller*


*Skyla Budisack*


*Elsabé Claasen*


*Leboeuf du Plessis*


*Johanri Pretorius*


*Anneke Viljoen*


*Jenni Muller*


*Chené Pretorius*


*Robert Taylor*


*Anieke Fritz*


*Jean-Pierre Prinsloo*

# Heilbron se "Free State Hotel"


ROSS'S ROYAL "Belfast" GINGER ALE. The original Imported.

The

(Number 4 - 1890-1899)

THE STAR, JOHANNESBURG, SOU

FIREWORKS! FIREWORKS!!
B. GUNDELFINGER,
PRESIDENT-STREET WEST.
Box 295.


WORTH A GUINEA A BOX
BEECHAM'S PILLS BEECHAM'S PILLS
BEECHAM'S PILLS BEECHAM'S PILLS
For all

E ILSLEY'S SALE.
SALE OF
FREE STATE HOTEL,
HEILBRON.
IN THE ESTATE OF THE LATE JOHN LOCH, ESQ.
THE undersigned, duly instructed by the Executor in above Estate, will sell by Public Auction, at Heilbron,
On SATURDAY, the 18th FEBRUARY
COMMENCING AT 11 A.M., ON THE SPOT,

*In 'n klein dorpie soos Heilbron is dit altyd van groot belang om die geskiedenis te ondersoek en te bewaar. Theuns Hendriks het onlangs vir die Heilbron Herald 'n 124 jaar oue koerant gebring. Die Johannesburgse koerant, "The Star" (Number 4 - 1890-1899) het op die voorblad 'n advertensie van 'n hotel, erfnommer 98, wat opgeveil gaan word. In die boedel van wyle John Loch word die hotel, bekend as die "Free State Hotel", geadverteer. Op dié stadium was dit die enigste hotel in Heilbron en sal die publieke veiling plaasvind op 18 Februarie 1899. Indien enige persoon meer inligting oor hierdie advertensie het, kontak asseblief die Heilbron Herald.*

# Hoërskool Heilbron Primêre Prysuitdeling





the local choice

**Platteland Apteek**

*Kry vandag nog 'n kwotasie op jou kroniese medikasie!*
*Groot besparings op verskeie medikasie maandeliks.*
*Daaglikse GRATIS aflewerings in Heilbron!*

*Get a quote on your chronic medication today!*
*Big savings on various medications monthly.*
*Daily FREE deliveries in Heilbron!*

the local choice
PHARMACY
here for you.

PLATTELAND APTEEK & KLINIEK
Besigheidsure : Maandae - Vrydae 07:30 - 17:00
Saterdae: 08:00 - 13:00
Publieke Vakansiedae: 08:00 - 12:00



*Kontak 087 527 0723 | WhatsApp 063 721 4950*
*Epos: platteland@thelocalchoice.co.za*
*Wentworth Square, Shop 3, Heilbron*


HP CRANES CO
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Cnc Plasma Snywerk
· SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
· STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
· BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR


SULTING (PTY) LTD
SWL. 8000 KG
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
· GIF MENGTENKS
· SAADMENGERS
· STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
· SPIRAAL ROLLER
· SPUITE
· STROPER SLUITPARTE
· VERVOERBANDE
· WAENS
Herstelwerk
· AGRI IMPLEMENTE
· ALGEMENE SWEISWERK
· SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK
Trailers: ONDERDELE & SEILE
triangle
WEWELER
HENRED FRUEHAUF
Bearings
· ALLE TIPE BEARINGS
· RATKASTE
· MOTORS
BEARINGS INTERNATIONAL
BMG
Hidrolies
· VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
· ALLE GROOTTE PYPE
· MULTI-SPIRAL PYPE
· SILINDERS
· MOTORS
www.ejsm.co.za

# Hoërskool Heilbron Sekondêre Prysuitdeling







# PERSONALISED SCHOOL LABELS

Heilbron Herald

Contact our Large Format Division
WhatsApp: 078 857 2106
or call 058 852 3033
Prices includes VAT

**Mini Label Pack - R155**
- 10x Colour Book Labels (50x70mm)
- 25x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 5x Multi Purpose Labels (30x70mm)
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 1x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

**Starter Label Pack - R275**
- 25x Colour Book Labels (50x70mm)
- 40x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 20x Multi Purpose Labels (30x70mm)
- 10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 2x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

**Super Label Pack - R350**
- 40x Colour Book Labels (50x70mm)
- 60x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)
- 30x Multi Purpose Labels (30x70mm)
- 20x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)
- 4x Bag Tag with Keyring (60x35mm)
- 1x Permanent Marker

# Skote klap by SA Jagters Nasionale kampioenskappe



Die afgelope vakansie het die talentvolle jong jagter, Hanro Naudé, die geleentheid gehad om sy vaardighede in die jagwêreld ten toon te stel by die SA Jagters Nasionale Kampioenskappe in Welkom. Sy prestasie het hom 'n welverdiende sesde plek in die land vir Windbuks o/9 besorg, en hy het selfs sy Nasionale kleure ontvang. Hanro het ook deelgeneem in die .22 o/13-kategorie en 'n indrukwekkende 83% behaal. Hanro Naudé, 'n jong jagter met 'n passie vir die sport, het met sy deelname aan die SA Jagters Nasionale Kampioenskappe in Welkom bewys dat ouderdom geen beperking is vir 'n ware talent in die jagwêreld nie. Met sy opvallende vaardighede in die Windbuks o/9-kategorie het hy 'n indrukwekkende sesde plek in die nasionale ranglys verower. Hierdie prestasie het nie net sy vaardigheid in die sport bewys nie, maar het hom ook die eer besorg om sy Nasionale kleure te ontvang. Die Windbuks o/9-kategorie is 'n baie mededingende een, en om in die top tien te beland, is 'n besondere prestasie. Hanro Naudé het bewys dat hy die uitdagings en spanning van hierdie kompetisie kan trotseer en sy plek in die nasionale ranglys met oorgawe verdien het. Sy oog vir detail, standvastigheid, en skietvaardighede het hom 'n gevestigde plek in die jagtersgemeenskap verdien. Hanro het nie net in die Windbuks-kategorie uitgeblink nie. Hy het ook deelgeneem in die .22 o/13-kategorie en het 'n indrukwekkende puntetelling van 83% behaal. Hierdie prestasie toon sy veelsoortige vaardighede en sy aanpassingsvermoë om suksesvol te wees in verskeie aspekte van die jagwêreld. Die SA Jagters Nasionale Kampioenskappe in Welkom is 'n belangrike gebeurtenis in die jagtersgemeenskap van Suid-Afrika, en om hier te kompeteer en te presteer, is 'n groot prestasie op sy eie. Dit vereis harde werk, toewyding, en 'n liefde vir die jagwêreld. Hanro het al hierdie eienskappe in oorvloed, en sy prestasie is 'n weerspieëling van sy passie vir die sport.

# Valsrivier wenners

Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek groot welslae behaal tydens die Valsrivier Driespel wat op Vredefort aangebied was. Sonja Muller, Hannalie Claassen en Dollie Pretorius het met goud weggestap nadat hulle skoonskip gemaak het.

Wat die mans driespel aanbetref, was daar drie spanne wat deelgeneem het vanaf Heilbron.

Die span van Brandt v Rensburg het net-net uitgeval. Die span van Jurie Jonker, Rudi Jacobs en Willie Pretorius het in 'n naelbyt stryd met 2 punte in die finaal die onderspit gedelf teen die span van Attie Kok van KBC. Die familie span Edward Muller, JC Pretorius en RJ Muller het algeheel derde geëindig.



*Op die foto vl: Dollie Pretorius, Sonja Muller en Hannalie Claassen.*

# Chris Spangenberg se 5 paaltjies nie genoeg om Heilbron oorwinning te bring teen Route 66

Heilbron het 'n onvergeetlike stryd uitgeveg teen Route 66 in 'n krieketwedstryd wat die naelbyt tot die laaste oomblik was. Ongelukkig het Heilbron met 'n marge van 20 lopies verloor, ondanks die skitterende boulwerk van Chris Spangenberg.

Die wedstryd het afgeskop met Route 66 se kolwers wat vinnig aanspraak gemaak het op 'n totaal van 179 lopies. Dit het die toon gestel vir 'n stryd wat deurlopend intens was. Heilbron se boulers het nie teruggestaan nie en het die paaltjies in die 13de beurt afgewerp.

Een speler wat as 'n ware held na vore getree het, was Chris Spangenberg. Sy boulwerk was van topgehalte, en hy het 'n ongelooflike prestasie behaal deur 5 paaltjies te vat en slegs 15 lopies in 4 beurte af te staan. Sy uitmuntende vertoning het hom tereg as die speler van die wedstryd laat aanwys.

Die Heilbron-kolwers het met groot moed en vasberadenheid probeer om die telling na te jaag. Hulle het paar groot sesse geslaan en Route 66 onder druk geplaas, maar ongelukkig was dit nie genoeg om die oorwinning te behaal nie.



*Op die foto vl: Armand Smit en Chris Spangenberg.*

Die volgende wedstryd op die krieket kalender is teen Sharpeville en vind Saterdag om 14:00 by Hoërskool Heilbron plaas. Alle entoesiastiese ondersteuners word hartlik uitgenooi om die span aan te moedig, te kuier en langs die veld te braai. Dit beloof om 'n opwindende dag van krieket te wees en 'n geleentheid om die plaaslike talent in aksie te bewonder.

# Besigheidsliga kom tot 'n einde

Wat kan ons sê! Die rolbal-"skills" van ons besigheidsliga spelers vergelyk goed met enige ander erkende rolbalspeler. Dit was 'n opwindende 4 weke wat in 'n baie goeie gees afgespeel het. Sommige besighede het spanne ingeskryf vir spanbou. Ander besighede het ingeskryf om die liga te wen. So kom die span van JCB na 3 seisoene van besigheidsliga bo uit. Deurgaans goeie rolbal het gesorg vir dié prestasie. Bayer het met 'n "bang" hulle terugkeer gemaak nadat hulle a.g.v. familie verpligtinge verlede jaar moes uitsit, uitstaande rolbal het hulle 'n 2de plek besorg. Ons kan nie nalaat om die span van Quad Squad ook te noem nie. Na 'n algehele spanverandering van die vorige seisoene het hulle in die derde plek ingesluip. Baie dankie vir almal se









# 1983 Matriekklas van Petrus Steyn hou reünie



Die ratte van die 40- jaar reünie het begin draai en uiteindelik aangebreek op 21 Oktober 2023! Wat 'n belewenis was dit nie. Al die hope "Onthou jy nog?" – stories en skaterlag oor al die goeie tye.

*Links voor: Dries Potgieter, Corné Voster (De Klerk), André Meiring, Magda Bieske (Swart), Braam Linde, Jan Hammann en voor Helen Claasen (Mostert). Voorwaar 'n onvergeetlike naweek...*

# Heilbron vier Eeufees



*Op die foto agter vl: Rassie (Erasmus) Victor, Betsie (de Wet) Viljoen, Anette van Staden, Mariana, Franci (Naudé) Watts, Ansie Maré. Voor vl: Engela (Wessels) Labuschagné, Corrie (Marais) Els, Sarah Harvey, Heléne Myburgh, Magdaleen (Dannhauser) van Rensburg, Roelien (Naudé) Els, Ina (Meiring) Weilbach, Dorea van Coller, Heléne (Lombard) Mouton.*

• ***Magdaleen van Rensburg***

In Oktober 1973 is hier op Heilbron feesgevier. Daar was indrukwekkende vlotte wat deur die strate gery het. Die hele gemeenskap het op een of ander manier deelgeneem. Wonder of daar iemand is wat foto's uit daardie feestelike tyd het.

In die stadsaal is daar 'n deftige Staatsbanket aangebied met die Staatspresident Sy Edele meneer Jim Fouché as eregas. Onder die gaste was daar ook genooide gaste uit Heilbronn Duitsland o.a ook die Burgemeester. Dit was 'n deftige onthaal alles uit die boonste rakke en protokol. 'n Geleentheid eenmaal in 'n leeftyd in Heilbron se geskiedenis.

Op die foto is die jong dames wat opgelei is as kelnerinne.

Foto: Mardo Foto's

# 1973 Matriekklas hou reünie



*Oudskoliere van die Hoërskool Willem Pretorius, matrieks van 1973, het die naweek hul 50ste hereniging by Francolin Creek tussen Heilbron en Frankfort gehou. Tydens hierdie spesiale geleentheid is vele dierbare herinneringe na vore gebring terwyl hulle saamgekuier het en van heerlike kos geniet het. Manus Booysen het die oudskoliere verder verwelkom met 'n smaakvolle proe van verskeie whisky soorte van regoor die wêreld. Op die fot agter vl: Hennie Booysen, Rolien du Toit, Manus Booysen, Samuel Herman, Anton du Plessis, Flip Jansen, Sarel Smit, Sonja Habig, Charl Prinsloo, Danie Cronjé, Riana Niemand, Ram Roos, Christie van Niekerk, Piet Boshoff. Voor vl: Isabelle van Deventer, Ella Nolte, Ivy Els, Carien le Roux, Tercea Leonard, Isabelle Botha en Paul Els.*

WEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
WEISSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 77 FRANKFORT (Langs Frankfort Bearings)

TE KOOP
'n Wyse vriend het onder andere vir my geleer dat 'n mens nie 'n huis noodwendig koop wat 'n mooi vooraansig het nie, maar eerder 'n huis wat ook die potensiaal het om 'n lekker leefhuis te wees!
HIER IS 3 HUISE MET HOPE POTENSIAAL!
GROOTSTE WINSKOOP van die jaar! Sonnige ruim leefhuis: 6 slaapvertrekke, elk baie ingeboude kaste, 2 mooi badkamers. Hoofslaapkamer: en-suite badkamer, sitkamer. Sit- en eetkamer, mooi kombuis met baie kaste, aparte opwas. Kuier/TV-kamer het pragtige houtafwerking met loft bo, kan dien as speelkamer/ekstra slaapplek. Groot venster laat daglig in. Hele leefarea vloei mooi ineen en apart van slaapkamers. Te veel slaapkamers? Dien as studeerkamer/strykkamer. EKSTRA: Solar geiser; Toegeruste boorgat; Jojo watertenk met pomp.
Baie netjiese 3 slaapkamer-, 2 baie mooi badkamer-leefhuis. Hoofslaapkamer: en-suite badkamer. Groot ontvangsportaal wat toegang gee tot die mooi tuin/kuierarea, die leefkamer en 2 aparte vertrekke wat kan dien as ekstra slaapvertrekke, salon/kantore. Hierdie deel van die huis laat hom daartoe om maklik omgeskakel te word in 'n Airbnb vir ekstra inkomste. Kombuis met aparte opwas, stoof beide gas/elektries. Genoeg veilige-parkering vir 3 voertuie. Parkeerarea verleen hom ook as stoorplek en werkplek. Uitstekende belegging!
Stap in by hierdie 3 slaapkamer leefstyl huis en jy hoef GEEN verbeteringe aan te bring nie! Hierdie is 'n moet om te besigtig. 'n Kothuis tipe met alle moderne geriewe en heerlike kuierarea. Pragtige klein tuin! Die verbeteringe aangebring is byna te veel om hier op te noem, maar sluit in 2 omskakelaars, 4 sonpanele, 8000 liter watertenks met drukpompe toegerus, Chromadek dak en geute, nuwe elektriese bedrading, waterpype is opgegradeer, aluminium vensterrame, French drein stelsel. Twee solders met houtvloere bied oneindige moontlikhede.
Kontak my vir pryse, foto's en besigtiging. Moenie hierdie kans misloop om nuwe herinneringe met jou sielsmense te bou nie of om 'n goeie belegging te maak nie.
AGUILA Real Estate
Carina Kleynhans
082 785 7691
carina@aguilarealestate.co.za

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T14206/2011** passed by the **JOINT ESTATE OF LATE SAMUEL JACOBUS BRITZ, Estate Number 10898/2010** and **GEZIE CHRISTINA REGINA BRITZ, Identity Number 4710120027081**, Unmarried, granted in favour of **LYDIA STEFANIE FOUCHE, Identity Number 7510280092082,** Married out of community of property, in respect of certain
**ERF 103 PETRUS STEYN LINDLEY DISTRICT PROVINCE OF THE FREE STATE MEASURING 743 (SEVEN HUNDRED AND FORTY THREE) SQUARE METRES**
Which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such a copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein at the office of the Registrar of Deeds, Room B29, within two weeks after date of publication of this notice.
Dated at Pretoria on this 17 th day of October 2023.
**LYDIA STEFANIE FOUCHE**
**ADDRESS:**
**SBM ATTORNEYS**
**BUILDING A, MENLYN WOODS OFFICE PARK, 291 SPRITE AVENUE, FAERIE GLEN, 0043**
**CONTACT NUMBER: 012 365 1887**
**E-MAIL: nicolene@sbmattorneys.co.za**
**REFERENCE: NJ/B44788**


Indien u in ons spesiale Kersuitgawe
van 15 Desember
wil adverteer kontak
Hendie Lötter
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

Heilbron Herald
Start 2024 right!
Custom WIRO TENT CALENDAR
Ringbinded Triangular Calendar,
Fold Over Pages,
2 Month View,
Full Colour Print,
Gloss Board Paper

| Qty | Total |
|---|---|
| 50 | R 1,420 |
| 100 | R 2,300 |
| 200 | R 4,140 |
| 500 | R 7,950 |

Prices include VAT
& Standard design
herald@heilbron.co.za


# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158 OF PIET MEIRING 082 571 4181**
**peerlandhandel@gmail.com**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 56 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*





Herald
Office National
NCR Printing
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate & more




**RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 09 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "O-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 288 7565
ryno.dupno@gmail.com


Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **15 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

# GEKLASSIFISEERD


Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0101
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• Abrie Watson
• John Watson
• Winkel
• Silma
(Kommersiële drukwerk & koerantfoto's)
WhatsApp Nr. 083 305 5512
• Carien (Kommersiële drukwerk & koerantfoto's)
• Belaneyt (Rekenings, debiteure)
• Christelle (Rekenings)
• Cora (Wydformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé (Wydformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2108
• Hendie (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en word ook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*



Bring ook vir bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te vermy.
**Fabriek sluit 15 Desember & winkel sluit 20 Desember 2023. Fabriek & winkel open 8 Januarie 2024.**
**Elsstr. 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**







**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
**POSTNET HEILBRON**

# HERALD Sport

# Goeie hupstoot vir gholfklub se koffer

RSA Grain Storage Solutions hou jaarliks 'n gholfdag om nie net hulle verskaffers en kliënte te betrek nie, maar ook om Heilbron Gholfklub se fondse te verstrek. Verlede Vrydag was hierdie dag weereens 'n reuse sukses en het daar sowat 54 gholfers aan die dag deelgeneem. Die formaat "best drive" maak ook die spel interessant en het die kombinasie van Jackie Leonard en Johan Weilbach die beste gewerk. Hulle wen die dag met 57 punte. Daar was sestien spanpryse op die spel. Die veiling van gesogte wyne het ook 'n hele paar rand opgelewer.

Die AfriForum se Heilbron-tak hou op 4 November 'n gholfdag. Een van die land se meer bekende regsgeleerdes, adv. Gerrie Nel, is self 'n man wat die gholfstok kan swaai en is een van die gaste wat gaan speel. Skryf vroegtydig in vir die dag.



*Op die foto verskyn Jackie Leonard, Johan Weilbach en Willem Loots van RSA GSS.*





Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2023 en heropen DV 8 Januarie 2024. Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ... groot formaat drukwerk so gou moontlik om teleurstelling te voorkom. Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 8 Januarie 2023.

**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

**BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 30 OKTOBER 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 31 OKTOBER 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

**WOENSDAG - 1 NOVEMBER 2023**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 2 NOVEMBER 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 3 NOVEMBER 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za







